**Skriflesing 1 Timoteus 2 vers 1 tot 7**
**Tema Behoort jy aan 'n slawe-eienaar of 'n Middelaar?**

Christene was 'n klein minderheidsgroepie in Efese. Hulle was nie belangrike mense met belangrike posisies nie. Die Romeinse owerheid was verdraagsaam teenoor vreemde godsdienste. Hulle moes net nie die sosiale orde bedreig nie. Dikwels het owerhede Christene verdink dat hulle juis dit doen. Vroue en slawe was by hulle beter af as in die algemene samelewing. Algaande is die skroewe deur die Romeinse regering al stywer vasgedraai teen die Christene. Hulle is stelselmatig as ateiste en onrusstokers gebrandmerk, veral omdat hulle geweier het om die keiser en amptelike gode te aanbid.

2 Timoteus, sy laaste brief, is waarskynlik deur Paulus vanuit die gevangenis in Rome geskryf. Dit is sy geestelike testament. Volgens oorlewering het hy in die tyd van Christenvervolging onder keiser Nero 'n marteldood gesterf. Hy is vermoedelik kort na die skryf van hierdie brief met 'n swaard onthoof.

Hoe hanteer Christene sulke onregverdige vervolging en swaarkry? Paulus vermaan hulle om nie in opstand te kom nie. Hy dring daarop aan dat hulle vir die regeerders sal bid sodat die dien van die Here kan voortgaan en alle mense met die Goeie Nuus bereik kan word. Ons moet nie, soos die Jode, heidene en tollenaars of soos die Grieke, verstote-linge uitsluit nie. Smeking, voorbidding en danksegging moet gedoen word vir alle mense.

In vers 2 lees ons duidelik dat ons moet bid vir hulle wat regeer: "vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid." Die Christene moet nie die keiser of enige ander gode aanbid nie. Bid vir die keiser by die een ware God.

En dan vat Paulus die evangelie, wat verkondig moet word, in 'n neutedop saam. Ons het Een God, ons Verlosser, wat wil dat alle mense gered word. Daar is een Middelaar tussen God en ons en dit is Jesus Christus. Hy het Homself as losprys vir almal gegee.

Vir die groot hervormer, Martin Luther, was Middelaar 'n beskrywing van die hart van Jesus se werk. Jesus is die Een wat ons verhouding met God herstel.

Luther het aanvanklik in groot vrees gelewe voor God se aangesig. Vir hom was God 'n slawe-eienaar. Hy het letterlik gebewe van vrees as Hy voor God verskyn het. Hy het geglo dat God eintlik bitter onregverdig is om van ons te verwag om reg te lewe, want ons is gebore as slawe van sonde. Dan vra God van ons om aan al die eise van Sy wet gehoorsaam te wees, en ons kan eenvoudig nie, omdat die kettings van die sonde ons vasbind. Boonop help die evangelie ons ook nie, want Jesus verskerp die eise van die wet... selfs ons gesindhede en diep verborge motiewe moet perfek wees. Ons moet volmaak wees soos ons Vader in die hemel.

Daarom het die arme Luther hom byna doodgewerk. Hy het reguit verklaar dat as iemand dit kon regkry om homself in die hemel in te werk, dan was dit hy. Sy gesondheid het naderhand ingegee want hy het dae lank nie geëet of gedrink nie, maar net gebid en goeie werke probeer doen. Sy geestelike vader het hom naderhand gesmeek om op te hou om iets uit te dink wat hy kon bely as sonde.
Luther se kreet was: Waar kan ek 'n genadige God kry?

Hy skrywe: “Ek het hierdie regverdige God wat van ons volmaakte geregtigheid verwag, eintlik gehaat, want ek het beleef dat Hy baie onregverdig is om die onmoontlike eise aan ons te stel. Tot ek eendag die boek Romeine gelees het en in Romeine 1vers 16 gehoor het: “Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is ‘n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, in die eerste plek Jood, maar ook die nie-Jood.”
Toe het die hemele bo my oopgegaan. Dit het gevoel of ek weer gebore is. Ek het skielik besef: geregtigheid is nie iets wat ek verwerf, verkry, of voor werk nie, maar dit is ‘n onverdiende geskenk van die Middelaar. Dit is vry en verniet, slegs deur geloof.”

Hierdie geskenk ontvang ons heeltemal passief. Ons kan nie ‘n vinger verroer om onsself te bevry nie. Christus doen alles. Dit is nie ‘n 50% - 50% transaksie nie. Ook nie Sy 99% en ons 1% nie. Hy doen alles en ons kry alles.

Hou op probeer, leef net uit genade. Ontvang rus, net in geloof. Net Christus is vir ons genoeg. Dit is die vreugdevolle ruil waaroor Luther so graag gepraat het.

As Middelaar kry Christus alles wat ons kan bied. Al ons sonde word op Sy skouers gelaai, al ons ongeregtigheid, hoe donker, bitter en verskriklik dit ook al mag wees. Jesus as Middelaar beteken dat Hy soos ‘n Sondaar tussen sondaars aan die kruis hang: belas en oorlaai met al die sondes en oortredinge van die ganse mensdom. Die Sondelose hang daar as die grootste sondaar van alle tye. Juis daarom kan Hy ons sondes wegneem sodat ons Vader nooit weer daaraan sal dink nie.

In God se oë is ons volmaak heilig, sonder vlek of rimpel, beklee met Jesus se reinheid en volmaakte heiligheid. Ons kan leef uit Sy liefde, vergifnis, genade, vreugde, krag en oorwinning.

Ons is nie meer slawe nie. Ons Middelaar het ons saak met God bemiddel. Ons lewe as vry mense. As vrygemaaktes is ons lewens een groot dankie-sê vir God. Ons dankie-sê begin by gebed. Nou is ons God se medewerkers. Ons is Sy hand waarmee Hy mense aanraak en nuut maak. En ook dit begin by gebed.
**Amen**